FEEDTEK FOKUS
202302

# VOORBEREIDING VAN SPEENLAMMERS EN STOORLAMMERS VIR DIE VOERKRAAL
## - LAM VOEDING IN PERSPEKTIEF -

*Saamgestel deur André Bezuidenhout en Sjoerd ten Cate*

### Die pasgebore lam

'n Lam se voedingsbehoeftes is aanvanklik hoofsaaklik afhanklik van biesmelk en daarna melk aangesien die rumen onaktief is en eers moet ontwikkel. Om suksesvol te ontwikkel, moet die rumenpapillae verleng en die rumen moet vergroot om verhoogde volume vir die stoor en vertering van ruvoer te skep. Die regte rumen mikrobes moet ook vestig, en vermeerder aangesien dit hulle gaan wees wat die ruvesel vir die lam moet verteer en omskakel in verbindings wat deur die lam gebruik kan word as voedingstowwe.

- Die vergroting en verhoogde kapasiteit van die rumen word bevorder deur ruvoerinname.
- Die rumenpapillae is die uitgroeisels in die rumen-binnewand wat die rumenwand oppervlakte vergroot en dus ook die
- oppervlakte vir die absorpsie van voedingstowwe vanuit die rumen na die bloedstroom. Ontwikkeling van die papillae word hoofsaaklik gestimuleer deur die teenwoordigheid van bottersuur, wat een van die produkte is van mikrobiese styselvertering.




Stysel word hoofsaaklik voorsien deur grane soos mielies, gars, graansorghum en ander kleingrane. Styselinname bevorder dus die ontwikkeling van hierdie rumenpapillae en vervul dus 'n deurslaggewende rol in die toekomstige suksesvolle funksionering van die rumen. Omdat dit 'n bron van "maklike" energie is, bevorder dit ook die groei en vermeerdering van rumen mikrobes wat ondermeer vesel verteer en omskakel na energie.

- Spesifieke rumen mikrobe vestig as hulle die regte kos kry. As lammers dus net melk en ruvoer kry sal ruvoer verterende mikrobe aanwesig wees, maar geen stysel verterende mikrobes nie.

Die "bestuur" van rumenontwikkeling moet dus doelgerig toegepas word om suksesvol te wees en by te dra tot optimale groei van lammers en die suksesvolle moontlike vroegspeen van lammers en gevolglike suksesvolle aanpassing in die voerkraal. Die inname van, onder andere, voldoende stysel (grane) op 'n vroeë ouderdom is dus belangrik, en daarom is 'n korrek geformuleerde kruipvoer of lek waardevol en veral ook omdat dit baie ekonomies is indien suksesvol toegepas word.

## 'n Resep vir 'n gemors!

Voor speen leef lammers aanvanklik grootliks van melk, maar vreet progressief meer ruvoer soos hulle ouer word. Hulle rumens vergroot dus en veselverterende mikrobe vestig en vermeerder. Veld voorsien egter minimale hoeveelhede stysel wat beteken dat rumenpapillae onder-ontwikkel is en dat daar minimale stysel verterende mikrobe vestig en aanwesig is. As so lam in 'n voerkraal arriveer en nie stelselmatig aangepas word nie, gebeur die volgende:

- Wanneer lammers in krale voere met hoë styselvlakke (grane) gevoer word, vermeerder die styselverterende mikrobe baie vinnig.
- Die gewenste styselverterende mikrobe produseer bottersuur wat papillae-ontwikkeling stimuleer en propioonsuur wat maklik deur die dier in energie (glukose) omgeskakel kan word
- As lammers egter te vinnig, te veel, stysel ontvang vermeerder melksuur vormende mikrobe vinnig en buite verhouding baie gemeet teen normale rumen verhoudings van tipes mikrobes.
- Melksuur is baie suur en verander die optimale rumen pH (6.5-7.2) na 'n baie suur omgewing met pH's laer as 6 en selfs minder as 5.
- Lammers ontwikkel dus suurpens met die volgende gevolge:
  - Bestaande rumen mikrobe begin vrek as die pH laer as 6 daal en die rumen verloor dus sy verterings funksie.
  - Baie lae pH's brand die rumen absorpsie oppervlakte in so mate dat geen voedingstowwe meer geabsorbeer kan word nie.
- Afhangend van die graad van suurpens kan lammers se toekomstige groei dus baie benadeel en aansienlik vertraag word of hulle kan selfs vrek.

## Manipulering van rumen ontwikkeling



Uit 'n voerkraal perspektief kom alles dus daarop neer dat lammers stysel moet ontvang voor hulle in 'n voerkraal aankom. As lammers reeds stysel verterende mikrobes en goed ontwikkelde rumenpapillae het, gaan hulle aanpassings periode baie minder riskant wees. Spannings faktore soos vervoer, ontwatering, verhongering, hantering en nuwe omgewing gaan altyd daar wees, maar tydige rumen ontwikkeling kan aangespreek word.

Die beste, en mees ekonomiese manier van rumen ontwikkeling is deur gebruik te maak van kruipvoer. Die mooi van kruipvoer is dat dit nie net vir die voerkraal voordele inhou nie, maar ook vir die produsent. Van kruipvoer se voordele vir lammers is:

- Verbeterde rumenontwikkeling
- Beter algemene gesondheid en siekte weerstand, dus minder lam verliese
- Beter groei en voerkoste besparing weens goeie voeromset tydens jong ouderdom
- Verminder speenskok
- Kan oorwegend vroeër gespeen word
- Beter ooi kondisie
- Baie beter aanpassing in voerkraal
- Minder uitsak lammers in voerkraal

Deur vir lammers toegang te gee tot 'n stysel (graan) bevattende ooi en lamlek, word daar ook 'n redelike mate van rumen ontwikkeling bereik. Dit is al ver beter as geen blootstelling aan stysel nie.

## Baie belangrik

Die effek van stysel op rumen ontwikkeling gebeur nie oornag nie. Lammers moet dus vir so lank as moontlik blootgestel word aan stysel. Verder moet onthou word dat stysel-verterende-mikrobe vrek as hulle nie meer stysel inkry nie. As gespeende lammers wat kruipvoer ontvang het dus eers vir 'n week of langer loop in 'n kamp waar hulle nie stysel aanvullings ontvang nie, is dit so goed asof geen stysel vooraf gegee is nie. Alle goeie aanpassings werk word dan dus ongedaan gemaak!